# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

**25 Januarie 2026**



041 367 1485 ⚓ info@pehoogland.co.za ⚓ www.pehoogland.co.za ⚓ 079 815 9325




## Baie Welkom by vanoggend se Erediens

Spesiale welkom aan nuwe lidmate en besoekers!

**Mag jy tuis wees in die Hoogland Geloofsfamilie**

Die leraar(s) wil jou graag ontmoet - kom maak asb. kennis na afloop van die erediens, voor in die kerkgebou of gaan gesels gerus met die Gemeentedienste dame in die Voorportaal oor enige navrae.

(Sy staan by die tafel by die Hoofingang.)

Kontak gerus ook vir Annalize in die kerkkantoor (of besoek www.pehoogland.co.za) sodat ons jou besonderhede kan kry en met jou kontak kan maak. Neem 'n "Nuwe Intrekkers" koevert in die brosjure vakkies.

## Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel
10:00 GVG lesse elkeen in hul eie lokaal

*Deurkollekte: PE Noord Gemeente*

## Algemeen

### Program vir die week:

Volledige gemeenteprogram begin op 1 Februarie 2026.
Sien gerus u 2026 Jaarprogram.

### Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

### Gebedsversoeke

Onthou asseblief dat enige gebedsversoek met groot vertroulikheid per *WhatsApp* gestuur kan word na **079 815 9325**. Die Gebedsaksie bid met liefde graag saam met u.

### Kom geniet ŉ koppie Hoogland gasvryheid ...

Elke Sondag ná afloop van die oggenddiens nooi Hoogland almal uit om saam in die Voorhuis ŉ lekker koppie koffie te kom geniet. GVG-ouers is baie welkom vir koffie, terwyl julle vir julle kinders / jongmense wag. Dis 'n kosbare tyd waar die Geloofsfamilie saamkuier, gesels en deel in mekaar se lewens en die week wat voorlê.
'n Vriendelike versoek is dat die **koffiemasjien nie tydens die erediens gebruik sal word nie,** aangesien dit steurend kan wees. U is welkom om selfs vóór die diens begin vir u 'n koffie te kry.
Hierdie bediening word moontlik gemaak deur **vrywillige donasies** en Hoogland maak staat op elke bydrae om die koffiepot vol te hou. Al maak u net een keer per maand ŉ donasie sal dit help. Dankie vir jou begrip, ondersteuning en deel wees van Hoogland se hartklop.

## Divorce Care @ Hoogland

Onwillekeurig en onbeplan stap sommige van die Hoogland Geloofsfamilie die seer pad van egskeiding. Weet asseblief jy is nie alleen nie. 21 April begin daar ŉ splinternuwe reeks van Divorce Care @ Hoogland. Stuur gerus ŉ *WhatsApp* boodskap vir Aletheia Botha (082 227 7105) as jy meer inligting benodig.

## Het jy interessante idees, energie en 'n passie om dinge te laat gebeur?

Hoogland is opsoek na kreatiewe persone, entrepreneurs, besigheidsmense en almal wat hou van organiseer om deel te word van **Hoogland se Fondsinsamelingskomitee**.
Kom meld aan en deel jou talente, idees en energie om opwindende projekte te identifiseer en te laat groei om 'n verskil in Hoogland te maak. Gesels gerus met een van die leraars of met Leandra by die kerkkantoor - ons sien baie daarna uit om jou deel van die fondsinsamelingspan te hê!

## Opdatering van Persoonlike Inligting

Van tyd tot tyd verander lidmate se kontakbesonderhede. Ons vra vriendelik dat u enige veranderinge – soos 'n nuwe selfoonnommer, e-posadres of woonadres – asseblief by die kerkkantoor sal opdateer. U is 'n kosbare deel van ons geloofsfamilie en Hoogland wil graag met u in verbinding bly. Indien iets in die afgelope 6 maande verander het, laat weet asseblief vir **Annalize** in die kantoor.
Indien u nog nie deel is van die gemeente se ***WhatsApp*-groep** nie, nooi ons u graag om aan te sluit. Stoor **079 815 9325** as kontak en stuur u naam en selfoonnommer en so bly u weekliks op hoogte van belangrike kommunikasie.

# Uit die hart ...

" 'n Pragtige deel is vir my afgemeet... Ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi." (Psalm 16:6)

Dis 'n eenvoudige sin. Ons haal dit maklik aan, maar word nie altyd maklik gegló nie - veral nie in 'n wêreld waar ons só maklik vergelyk nie.
Ons wag vir beter, wens vir meer en kyk dikwels oor die heining na ander se lewens en dink: "As ek net dáár was... as dinge net só kon wees..."

Hierdie geloof-sin uit Psalm 16 het die krag om jou hele wêreld te verander. Nie deur verbeterde omstandighede nie, maar deur net jou perspektief te verander. Dit herinner jou om anders te kyk na wat jy het, waar jy is en wie God op hierdie oomblik langs jou geplaas het.

Die oorspronklike beeld agter Psalm 16:6 kom uit die tyd toe Israel die Beloofde Land ingetrek het. Elke stam het 'n stuk grond gekry - hulle erfdeel. Behalwe die Leviete. Hulle het géén stuk grond gekry nie. Hulle moes in en om die tempel diens doen en hulle lewe aan God in aanbidding wei.

Toe sê God vir hulle iets radikaal en spesiaal: "Ek self is julle deel."
Nie 'n stuk grond nie, maar God self.


Dit is vir ons vandag ook nog waar: God is self ons deel. Dit beteken ek hoef nie vas te kyk in ander se "stukke grond" nie. Ek hoef nie my lewe voortdurend te meet aan wat ek nié het nie. My perspektief verander om God eerder te sien "op my stuk grond" waar ek tans leef.

God is nie net in die suksesvolle loopbaan, ideale gesin of perfekte geloofslewe nie. Hy is hier, in en op "jou deel". Hier maak Hy Homself aan jou bekend.

Mag jy hierdie week weer met nuwe dankbaarheid leef: nie omdat alles goed en perfek en reg is nie, maar omdat God goed is. Dalk juis omdat geloof begin waar ek met vertroue begin glo en bely:
"Wat ek ontvang het, is vir my mooi."

**Pieter**

Alle ouers met babas, swanger ouers en selfs grootouers wat graag hulle kleinkinders in Hoogland wil laat doop – **onthou asseblief van die verpligte Doopkursus @ Hoogland!**



# Doopkursus

## @HOOGLAND

## Ouers & Voornemende ouers

Indien ouers by Hoogland wil doop, of êrens van voorneme is om hul baba hier te kom doop, is 'n 4-weke doopkursus `n vereiste.

## Doopkursus datums vir 2026:

- 5, 12, 19, 26 Februarie
- 4, 11, 18, 25 Junie
- 6, 13, 20 Aug & 3 Sept
- 8, 15, 22, 29 Oktober

Bespreek by **Leandra** in die kerkkantoor:

- Skakel - 041 367 1485
- Epos - leandra@pehoogland.co.za
- WhatsApp - 079 815 9325

Bespreek NOU - by Leandra in die Kerkkantoor!
Betaal LATER - asseblief eers na 1 Maart 2026



# Hoogland Gemeentekamp

## 20 - 22 Maart 2026
## @ INNIKLOOF (naby Hankey)

Kampkostes
SLEGS KAMPEER plekke beskikbaar:
R150 pppn / volw
R85 pppn kinders
0/5 jaar kamp gratis
Gesels gerus met Leandra om te hoor of daar 'n huisie beskikbaar is.

Bespreek by Leandra of stuur 'n WhatsApp na 079 815 9325